# Les 09 GELIEFDE KINDERS: ONS KAN NA GOD TOE GAAN: HY LUISTER NA ONS EN ONS KAN HOOR AS GOD MET ONS PRAAT

## 1. Die derde gebod: die Naam van God

Die derde gebod in die Tien gebooie klink só*: “[7] Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.”* Eksodus 20

Ons het verlede jaar gesien dat God nie ’n noemnaam het nie. Ons het noemname waarop mense ons noem. Dit is name soos “Andre”, “Annette”, “Zander” of “Maríe”. God het nie só ’n noemnaam waarop ons Hom kan noem nie.

So, as die derde gebod sê ons mag nie Sy Naam misbruik nie, dan beteken dit nie dat God ’n noemnaam het wat ons nie mag misbruik nie.

Die Naam van God is – Here!

Kom ons kyk weer wat beteken hierdie naam: Here!

*“[13] Daarna sê Moses vir God: “Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,’ en hulle vra vir my: ‘Wat is sy Naam?’ wat moet ek dan vir hulle sê?” [14] Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.” [15] Verder sê God vir Moses: “Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: ‘Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.’ Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag.”* Eksodus 3

Hierdie naam “Here” beteken: God is God. Hy is ons Skepper wat ons gemaak het. Hy is die Skepper van die hemel en aarde. Hy is die Skepper van alles wat bestaan: van die kleinste dingetjie waarvan ons weet, tot en met die grootste en magtigste ding waarvan ons weet.

Die Naam ‘Here’ beteken God is altyd God. God is altyd onsigbaar. God is altyd orals. God is altyd van die begin tot die einde met ons. God is almagtig. God is altyd goed en lief vir ons. Dit is hoe God Gód is, en Hy bly altyd só God.

Wanneer ons God “Here” noem, dan glo ons altyd in ons harte en gedagtes: God is altyd God, en God blý altyd God.

## 2. Wanneer ons tot die Here bid, hoor en luister Hy na ons

In die derde gebod sê die Here ons mag nie Sy Naam misbruik nie. 'Misbruik' beteken ons mag dit nie verkeerd gebruik nie. So? As ons dit nie verkeerd mag gebruik nie, wat mág ons doen?

Ons mag dit rég gebruik!

Hoe gebruik ons God se naam reg?

Dit doen ons wanneer ons tot God bid. Bid is die manier waarop ons na die Here toe gaan. Ons maak ons oë toe, en dan roep ons die Here aan. Wat sê die derde gebod vir ons, wat doen God as ons Hom aanroep? Hy hoor ons en Hy luister na ons. Dit is hoe God Gód is – en dit is hoekom ons Hom die Here noem: want al is God onsigbaar en kan ons Hom nooit sien nie; al is God altyd orals en kan ons nooit maak asof ons God op een plek kan laat wees nie; al kan ons God nie hoor praat in klanke soos ons mense en diere kan hoor nie – as ons God aanroep, dan hoor Hy ons en luister Hy na ons.

**3. Israel het die Here aangeroep en die Here en hulle gehoor**

Kyk hoe wys die Bybel ons hoe die Here die Israeliete gehoor het toe hulle tot Hom gebid het:

*"7 Daarna sê die Here: "Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. 8 Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na 'n goeie en uitgestrekte land, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Dit is die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete."* Eksodus 3

Elke dag wat die Israeliete so mishandel is deur die boeliekoning Farao se mense, het die Here alles geweet en alles gesien. Want Hy is die Here – Hy is altyd orals en weet altyd alles. Die Here het geweet dat die Farao Sy kinders wou doodwerk vir al sy simpel drome.

Die Israeliete het tot die Here gebid en gevra dat die Here hulle moet help met al hulle swaarkry.

Die Egiptenare het seker lekker vir hulle gelag en hulle gespot as hulle tot die Here bid vir hulp. Want wat kon die Here maak teen die Farao en al sy soldate en mense wat vir hom gewerk het? Só het die Egiptenare geglo. Maar God hoor en luister altyd as Sy kinders tot Hom bid.

As die Here luister, dan beteken dit nie dat Hy sommer net sit en luister terwyl ons bid nie. Dit beteken die Here antwoord ons gebede.

Kyk hoe het die Here hulle gebede geantwoord: Hy laat die Farao vir baba Moses as een van sy eie mense aanneem. So sorg die Here dat Moses in die paleis opgelei word en alles van die Egiptenare weet. Die Here breek die Farao

se mag met tien plae, terwyl Hy sorg dat Sy kinders veilig is. Die Here lei Sy kinders uit die land Egipte en laat hulle veilig deur die Rietsee trek, maar laat die soldate wat hulle wou doodmaak, verdrink. Die Here gee vir Sy kinders kos en water in die woestyn, sodat hulle versorg is.

Dít is hoe God hoor en luister! Hy is God, en Hy hoor en luister soos God na Sy kinders luister: Hy sorg vir ons en hou ons veilig binne Sy liefde.

**4. Aanroep beteken dat ons God se aandag vra**

Wanneer ons die Here se naam gebruik en Hom aanroep as Here – dan gaan ons na God toe en God ontvang ons.

Wat gebeur wanneer jy na jou pa of ma toe gaan en jy sê: "Pa! Ma!" Dan gee hulle aan jou aandag. Dit is iets wat regtig gebeur. Hulle is nie meer maar net by jou, of hulle kyk nie maar net meer na jou nie, hulle is ook nie maar net besig om vir jou te sorg of lief te wees nie. Wanneer jy hulle aanroep: "Pa! Ma!" dan doen hulle iets anders – hulle gee aan jou aandag. Dit is wat hoor en luister beteken. Jy vra hulle aandag, en hulle gee aan jou aandag.

Dit is wat dit beteken as die Here vir sê ons mag Sy Naam gebruik: dit beteken dat wanneer ons die Here se aandag vra, dan gee die Here aan ons aandag – net soos Hy Sy aandag aan die Israeliete gegee het en hulle uit Egipte uitgelei het, en die mag van die Farao oor hulle lewe gebreek het.

**5. Misbruik beteken dat ons nie die Here se aandag moet vra as ons dit nie wil hê nie**

Kom ons kyk na 'n baie snaakse ding wat die Israeliete gedoen het by die goue kalf wat hulle gemaak het:

*"3 Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring. 4 Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: "Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!" 5 Toe Aäron dit hoor, het hy 'n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: "Môre is daar fees vir die Here!" 6 Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan."* Eksodus 32

Die Israeliete maak vir hulle 'n beeld van 'n kalf. Dan gaan hulle na hierdie kalfie toe en roep die kalfie aan as hulle Here. Dit is wat hulle met hulle fees gedoen het. Hulle het die kalfie aanbid. Hulle het die kalfie se aandag gevra, en dan vir die kalfie dankie gesê vir alles wat die Hére gedoen het; hulle het vir die kalfie alles gevra wat hulle van die Hére moes gevra het. Hulle het die kalfie al die eer gegee vir wat die Hére vir hulle gedoen het.

Kyk nou hoe snaaks is dit: hulle gaan na ’n stuk goud toe en vra sy aandag! Die Israeliete het dit baiekeer gedoen. Een van die kere het die Here vir hulle só gewys waarmee is hulle besig:

*“[27]Dit is hulle wat vir ’n stuk hout sê: “My Vader,” en vir ’n klip: “U het my in die wêreld gebring.” Na My toe het hulle hulle rug gedraai in plaas van hulle gesig.”* (Jer. 2)

Hulle gaan na al die klipbeelde, houtbeelde, yster- en goudbeelde van kalwers, mens en diere wat hulle sommer self maak – en vra by hierdie dinge die aandag van die Here.

Dít is hoe mense die Here se Naam misbruik – hulle vra by iemand anders die aandag van die Here, wat hulle by die Here sélf moes gevra het. Dit is soos wanneer ’n kind na heeltemal iemand vreemd toe gaan en vir hulle sê:” Pa!” en “Ma!”

Volgende keer gaan ons kyk hoe werk dit vandag dat ons die Here se Naam aanroep, en hoe vra mense God se aandag sonder dat hulle regtig Sy aandag wil hê. Dit is, hoe misbruik mense vandag God se Naam.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

___________________________________

Handtekening: ouer of voog